


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 2 - 8 MAART 2026

God is liefde. Van die begin af het Hy die mensdom geskep om in toegewyde gemeenskap met Hom te leef. Die ontwerp van die huwelik, familie en elke menslike verhouding vloei uit Sy liefdevolle natuur.

Hierdie week gaan ons bid vir verhoudings wat vrug dra van die Heilige Gees.

Ons nooi jou uit om saam met ons tydens die **'30 Dae van Ramadaan' van 17 Februarie – 18 Maart 2026** op 'n ingeligte en gefokusde wyse vir Moslems te bid – hul laste te deel, hul bekommernisse te verstaan en God te smeek vir hul verlossing.

---

**MAANDAG 2 MAART 2026**
**LIEFDE BINNE DIE HUWELIK**
*Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.* (Genesis 2:24).

Die Bybel hou die huwelik voor as 'n verbondsverhouding, deur God ingestel tussen 'n natuurlike man en 'n natuurlike vrou. Efesiërs 5:31-32 leer dat die vereniging van 'n man en vrou 'n geheimenis is, wat Christus se opofferende liefde vir die Kerk illustreer.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om huwelike teen kulturele kompromie te beskerm en dat paartjies in Sy Woord geanker sal wees.
- Bid dat elke verbintenis Sy instelling van verbondsliefde sal weerspieël.
- Vra dat Bybelgebaseerde huwelike Christus se opofferende liefde vir die Kerk sal weerspieël.

**Praktiese wenk:** Moedig 'n jong paartjie aan om huweliksvoorbereiding na te streef wat in die Skrif gewortel is.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 14**
**BAHREIN**
*Die Here laat blindes sien...* (Psalm 146:8).

Christene van Moslem-agtergronde ervaar dikwels intense gesins- en sosiale druk.
**Moslems in Bahrein:** 1 111 500 (74% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Bid dat die Here geestelike oë regoor Bahrein sal oopmaak en die heerlikheid van Christus sal openbaar aan dié wat die waarheid soek.
- Vra die Here om moeë en belasde Bahreini's in die rus en medelye van die Here Jesus in te trek en 'n honger na verlossing te wek.

---

**DINSDAG 3 MAART 2026**
**LIEFDE TUSSEN BROERS EN SUSTERS**
*Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.* (Kolossense 3:14).

Om saam met broers en susters groot te word, vorm ons karakter, leer ons die belangrikheid van vrygewigheid, konflikoplossing en respek vir ander. Broers en susters deel 'n diep band van liefde wat versterk word deur geduld en wedersydse aanvaarding.

**Kom ons bid**
- Bid vir ouers om 'n regverdige en gelyke huisomgewing vir broers en susters te skep.
- Vra dat God se liefde die band tussen biologiese en aangenome broers en susters sal versterk.
- Bid vir versoening in familietvetes tussen volwasse broers en susters deur die Bloed van Jesus (2 Korintiërs 5:18).

**Praktiese wenk:** Stuur vir jou broer of suster 'n kort gebed per teksboodskap en moedig jou kinders aan om dieselfde te doen.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 15**
**OMAN**
*Genadig en barmhartig is die Here...* (Psalm 145:8).

Bekeerlinge van Islam beoefen hul geloof stilweg weens wetlike en maatskaplike beperkings.
**Moslems in Oman:** 4 858 000 (85,9% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Here om die mense van Oman in 'n ontmoeting met Jesus te trek en Sy barmhartigheid en waarheid te openbaar.
- Bid dat die saad van die Evangelie wortel sal skiet in Oman en veranderde lewens sal voortbring wat van Sy barmhartigheid en genade getuig.

---

**WOENSDAG 4 MAART 2026**
**OUERLIEFDE (VADER)**
*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.* (Psalm 103:13).

Die Bybel beeld 'n vader se liefde uit as barmhartig, leidend en beskermend (Lukas 15:20). Liefdevolle dissipline weerspieël die versorgende eienskap van ons hemelse Vader (Spreuke 4:1-4).

**Kom ons bid**

- Vra ons hemelse Vader om Sy liefde aan vaders te openbaar.
- Bid vir genesing en herstel in gespanne vader–kind verhoudings.
- Bid dat Christenvaders in God se teenwoordigheid sal bly en Sy raad daagliks sal soek (Johannes 15:1–7).

**Praktiese wenk:** Vaders, spandeer doelbewuste een-tot-een-tyd saam met julle kind(ers), en doen 'n aktiwiteit van hulle keuse. Mentors, maak 'n afspraak met julle dissipel in die Here vir 'n tyd van gebed saam.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 16**
**KATAR**
*... Hy ondersteun dié wat bedruk is...* (Psalm 146:8).

Openbare evangelisasie en bekering van Islam is verbode.
**Moslems in Katar:** 2,4 miljoen (70-75% van die bevolking)

**Kom ons bid**

- Vra God om die heerlikheid van die Here Jesus aan Katariërs te openbaar, deur misleiding te breek en goddelike waarheid te openbaar.
- Bid dat die Woord van God deur hierdie land versprei sal word, harte sal versag en Katar voorberei sal word vir 'n oes van verloste lewens.

---

**DONDERDAG 5 MAART 2026**
**OUERLIEFDE (MOEDER)**
*Sy hou goeie toesig oor haar huishouding… Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar…* (Spreuke 31:27-28)

'n Moeder se liefde is onselfsugtig, standvastig en teer. Haar liefde is op talle maniere 'n weerspieëling van God se deernisvolle liefde wat Hy vir Sy kinders het.

**Kom ons bid**

- Bid dat moeders diep gewortel en gegrond sal wees in die liefde van Christus (Efesiërs 3:17-19).
- Bid vir moeders wat sukkel om met teerheid te koester, dat die Here vorige wonde sal genees en siklusse van pyn sal breek (1 Kronieke 4:10).

**Praktiese wenk:** Skryf 'n bemoedigende boodskap of 'n Bybelvers vir jou kind en plaas dit in hul kosblik of op hul kussing as 'n herinnering aan jou liefde en God se getrouheid.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 17**
**VERENIGDE ARABIESE EMIRATE**
*Dit is die Here wat Jerusalem weer opbou...* (Psalm 147:2).

Om die Christelike geloof met Moslems te deel is wettiglik beperk.
**Moslems in die Verenigde Arabiese Emirate:** 7,1 miljoen (76% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra God om geestelike honger onder Emirati aan te wakker en die Here Jesus te openbaar as die enigste Een wat die verlange van die hart bevredig.
- Bid dat die Here die Emirati in die waarheid sal trek wat die ewige lewe gee.

---

**VRYDAG 6 MAART 2026**
**LIEFDE TUSSEN VRIENDE**
*Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken…* (Spreuke 17:17a).

Godvresende vriendskappe is gebou op vertroue, eerlikheid en liefde, gelei deur God se wil en Woord (Spreuke 27:17). Nie alle vriendskappe is voordelig nie; sommige kan 'n persoon van God af weglei (Spreuke 13:20; 1 Korintiërs 15:33).

**Kom ons bid**
- Bid dat jongmense wat nuwe omgewings betree (bv. skole, woonbuurte of kultuur) God se wysheid sal soek om gesonde vriendskappe te vorm.
- Vra die Here om platoniese vriendskappe tussen die teenoorgestelde geslag te beskerm, en hulle rein te hou ten spyte van kulturele druk om dit in romantiese verhoudings te verander.

**Praktiese wenk:** Bid saam met 'n jongmens vir godvresende vriende.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 18**
**NIGERIË**
*Die Here is my lig en my redder...* (Psalm 27:1).

Christene word in die gesig gestaar deur geweld, ontvoerings, ontheemding en kerkaanvalle.
**Moslems in Nigerië:** 97 miljoen (50-57% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra God om die heerlikheid van Jesus aan Moslems regoor Nigerië te openbaar, vrees te verbreek en die waarheid te openbaar wat tot die ewige lewe lei.
- Bid dat die liefde van Christus gewonde gemeenskappe sal raak, vyandigheid sal uitroei, en genesing en oop harte vir die Evangelie sal vestig.

---

**SATERDAG 7 MAART 2026**
**LIEFDE VOOR DIE HUWELIK**
*Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik…* (1 Korintiërs 13:4).

Liefde moet nie uitsluitlik gebaseer wees op gevoelens, gerief of romantiese aantrekkingskrag nie. Sterk fisiese aantrekkingskrag is nie die primêre teken van liefde nie. Bybels gesproke is liefde gewortel in opoffering en toewyding (1 Korintiërs 13). Dit is 'n wilsbesluit.

**Kom ons bid**
- Bid dat paartjies wat voorberei vir verlowing en huwelik, die Bybelse grense van intimiteit en reinheid sal nastreef en hul begrip van God se verbondsliefde sal verdiep (1 Korintiërs 6:18; Kolossense 3:5).
- Bid dat die Heilige Gees hul gesprekke sal lei en hul planne met Sy wil sal in lyn bring, en hulle in elke area van die lewe sal versterk.

**Praktiese wenk:** Bespreek met jou seun of dogter die Bybelse siening van liefde en hoe dit verskil van die manier waarop liefde in films of in hul maats se verhoudings uitgebeeld word.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 19**
**TUNISIË**
*Die Here is goed, Hy is 'n toevlug in tyd van nood...* (Nahum 1:7).

Vir Christene beperk sosiale vyandigheid en gesinsdruk openbare uitdrukking en groei ernstig.
**Moslems in Tunisië:** 10,2 miljoen (98-99% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Here om soekers in ontmoetings met Sy liefde te trek en harte te versag om die waarheid met moed en nederigheid te ontvang.
- Bid dat die lig van die Evangelie oor Tunisië sal versprei, dat gesinne sal transformeer en ware geloof sal ontwaak.

---

**SONDAG 8 MAART 2026**
**RESPEK VIR OUERS**
*Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.* (Ephesians 6:1).

Die Here beveel kinders om hul ouers te eer. Hul innerlike respek moet gepaard gaan met uiterlike dade van gehoorsaamheid (Eksodus 20:12).

**Kom ons bid**
- Bid dat kinders hul ouers sal respekteer en eer vanweë eerbied en liefde vir die Here.
- Vra vir genade in die harte van kinders teenoor ouers wat hul ouerlike verantwoordelikhede teenoor hul kinders verwaarloos het.

**Praktiese wenk:** Nooi 'n ouer en kind met 'n gespanne verhouding vir 'n gesprek oor koffie/tee, en skep 'n veilige ruimte vir luister en gebed.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**DAG 20**
**MALI**
*... Die Here is my toevlug...* (Psalm 27:1).
Christene staar gewelddadige onstabiliteit en druk van ekstremistiese groepe in die gesig.

**Moslems in Mali:** 18 miljoen (90% van die bevolking)
**Kom ons bid**
- Bid dat Jesus Christus geopenbaar sal word aan die Maliane wat onder vrees en geestelike onderdrukking leef en dat hulle ingetrek sal word in die toevlug en verlossing wat Christus bied.
- Vra vir die vrede van Christus om geweld en vrees te oorkom en stabiliteit en hoop na hierdie streek waar onrus heers te bring.